

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal-Wes  
12 Oktober 1980

Onderwerp: Toewyding aan God

Lees: Romeine 12 verse 1 tot 8

Teks: Romeine 12 vers 2

Sing: Psalm 84 vers 1; Gesang 65 verse 1 - 2

“Die opskrif bokant hierdie skrifgedeelte is *Toewyding aan God*. Dit wil sê wandel in ootmoed (eerbied en gehoorsaamheid) aan God en getrouheid in die gebruik van Sy gawes.

“In hierdie teks kry ons ’n negatiewe vermaning (word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie) sowel as ’n positiewe opdrag (maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed).

“Vanmôre kyk ons eers na die negatiewe vermaning. (Vanaand gaan oor die positiewe opdrag).

“Wat word bedoel met die wêreld?

“Die vraag wat ons dus allereers moet opklaar, is wat ons onder die term wêreld moet verstaan?

“In die Woord van God het ons uitdrukkings soos:

“Julle is nie van die wêreld nie, soos Ek ook nie van die wêreld is nie.

“Die wêreld haat julle.

“Moenie die wêreld liefhê nie.

“In hierdie en ander soortgelyke uitsprake dui die woord wêreld die groot skare van onwedergebore mense aan. Mense wat staan in teenstelling met die Kerk van Jesus Christus en die kinders van die Here.

“In hierdie betekenis gesien behoort die wêreld aan die Satan en is dit as sy ryk aan hom onderworpe en gehoorsaam.

“Dit beteken dan ook dat daar ’n besondere kenmerkende gees in die wêreld heers. ’n Gees wat vreemd is aan die gemeenskap van die gelowiges.

“Die sondige wêreld het sy eie reëls, slagspreuke en doelwitte.

“Sy optrede, uitkyk en redenering word bepaal deur die wêreld se gees wat daar heers.

“Die wêreld het sy eie dinge waarna hy streef en waarin hy behae skep.

“Maar een ding is volgens God’s Woord seker van hierdie wêreld: die einde van dit alles is die verderf.

“Wat bedoel die Apostel met die vermaning - word nie aan die wêreld gelykvormig nie?

“Om gelykvormig aan die wêreld te wees, beteken om innerlik - dit wil sê in die gees, gesindheid en strewe soos ongelowiges te word - so te praat, te dink en te handel.

“Wanneer die dryfvere wat die sondige wêreld op sy sondige weg voortdrywe ook ons dryfvere word, dan word ons soos die wêreld.

“Wanneer die wêreld se gees in ons posvat, dan word ons vleeslik, selfsugtig, kru, skepties en onverskillig soos die onbekeerdes.

“Wêreldgelykvormigheid dui aan dat ons, ons lewe laat bepaal deur die oogmerke, norme, gesindheden en strewes van die wêreld.

“Wêreldgelykvormigheid beteken voorts die vervaging en uiteindelik uitwissing van alle merkbare verskille tussen die Christen en die ongelowige.

“Wanneer ons, ons deur die wêreld laat meesleur en terwille van gewildheid of vrees; maar liever by die eise van die wêreld aanpas as om teë te sit en op ons beginsels te staan - dan het die wêreld gesindheid reeds ’n magtige greep op ons lewe gekry.

“Wat is die gevolge van wêreldgelykvormigheid? Dit hou gewigtige gevolge vir die mens in.

“Afgesien van die feit dat dieselfde gees en gesindheid dan net so in sulke Christene begin heers as wat in die wêreld heers en die verskil tussen wêreldling en Christen vervaag en verdwyn, wag dieselfde uiteinde en lot vir almal - die ewige verderf.

“Deur wêreldgelykvormigheid word die onderskeid tussen kerk en wêreld so uitgewis dat die krag en invloed van die kerk noodwendig moet verdwyn.

“So ’n lewe en gesindheid loënstraf die getuie van mense wat voorgee om Christene te wees.

“Wanneer Christene presies dieselfde dinge as die wêreld najaag en dit met net soveel ywer en gewetenloosheid doen, dan maak dit die godsdiens van sulke mense kragteloos en ’n bespotting.

“Waar wêreldgelykvormigheid ingekom het, het dit onmoontlik geword om naby die Here te lewe.

“Dit bedroef nie net die Here nie, maar stel die Christenslagoffer bloot aan allerlei geestelike bedreigings en versoekings.

“Hoewel ons Christengewete ons baie gou daaraan herinner dat ons deur bepaalde optredes besig is om aan die wêreld gelykvormig te word, bly dit tog altyd ’n

vraag hoe ons kan vasstel watter sondige handelwyse tot sondige gelykvormigheid lei?

“Die person wat werklik vervul is met die Heilige Gees sal nie veel moeite ondervind om vas te stel watter leefwyse tot sondige vereenselwiging met die wêreld lei nie.

“Daar is talle dinge wat die wêreldling doen wat deur en deur sondig en duidelik in stryd met die wil en welbehae van die Here is.

“Met sulke handelwyse behoort die kind van die God hom nooit te vereenselwig nie en as hy dit wil waag, dan stel hy hom aan groot geestelike gevare bloot.

“Daar is ander dinge wat nie noodwendig in hulself kwaad of verkeerd is nie. Die Woord van God leer dat ons mekaar nie in sulke dinge moet veroordeel nie, maar dat elkeen vir homself moet vasstel of dit vir sy geestelike lewe skadelik of bevorderlik is.

“Die Bybel bepaal egter ook dat as my handelwyse, wat op sig self nie vir my skadelik is nie, maar tog my naaste laat struikel, ek dan liever nie daarmee moet voortgaan nie.

“As dinge nie op sig self sondig is nie, maar nogtans ’n noue assosiasie met die sonde het, behoort die gelowige dit te vermy, omdat dit hom andersins tot wêreldgelykvormigheid kan lei.

“Alles in ag genome, kom dit daarop neer dat Christene die Apostel se vermaning met groot erns moet betrag en moet gehoorsaam.

“Wêreldgelykvormigheid by die Christen is nie net vir homself gevaarlik nie, maar ook vir sy mede-Christene en die kerk in die algemeen.

“Laat ons dubbel versigtig wees.

“Dit is ons wat die regte voorbeeld moet stel en medewerkers van God moet wees.

“Dit is ons wat lig van die wêreld en die sout van die aarde moet wees.

“Laat ons Jesus Christus verheerlik deur ons lewe en werke.

“Amen.”